




# I.M.S.



No. 14. STELLENBOSCH, Januarie 1947.

## 1. WAT BEREIK IS IN 1946.

Met die wisseling van die jaar gaan 'n mens se gedagtes vanself agtertoe en vorentoe. Jy vra jou af wat bereik is in die jaar wat agter die rug is en wat beoog word in die jaar wat voorlê.

Ten opsigte van wat bereik is - as ons die gewone roetine-werksaamhede buite beskouing laat - is dit hoofsaaklik die Departement van die Stadsingenieur en die Komitee vir Publieke Werke wat op die voorgrond tree. Lenings is opgeheem om nuwe werk aan te durf en gedurende 1946 kon heelwat inderdaad voltooi word. So is die Piet Retiefbrug oor die Eersterivier betyds vir die opening van die Paul Roos-Gimnasium voltooi. Die brug het £3,815 gekos en is inderdaad 'n sieraad vir ons dorp. Dit gee toegang tot die nuwe skool en tot die nuwe aanleg Krigeville waar verskeie erwe reeds verkoop is. Indien daar nog erwe anderkant Krigeville, dus in die rigting van Stellenboschberg, verkoop word, sal die brug 'n uiters belangrike funksie te vervul hê. Dis ook waarskynlik dat wanneer daar groot sport- of ander byeenkomste by Coetzenburg plaasvind, 'n deel van die verkeer oor die nuwe brug sal gaan.

Verskeie strate is vir die eerste keer geteer. Ons noem Helderbergstraat, Louwstraat, Hofmeyrstraat, Soete-weide, Groeneweide, Verreweide, Kleineweide, Dennesig, Rouxstraat, Hospitaalstraat, Krigestraat en deel van Bosmanstraat. Verder die strate om die plantsoen op die kruispunt van Merrimanlaan en Cluverweg. Nuwe waterpype is in Helderbergstraat, en vloedwaterpype by Rustenburgweg, by Banhoekweg en by die nuwe verpleegsterstuise by die

Aansteeklike Siektes-Hospitaal, gelê terwyl die waterpypstelsel by Kaya Mandi uitgebrei is. Die Van der Stelvoetbalveld is gedreineer. By Onder-Papegaaiberg is die rioelstelsel en 'n klein diensreservoir aangebring. Die strate in hierdie nuwe woonbuurt is gegruis en 'n nuwe straat uit Dorpstraat, naamlik Hammanstraat, is rybaar gemaak.

## 2. ANDER WERKSAMHEDE.

By die Aansteeklike Siektes-Hospitaal het die verpleegsterstuiste en die Administratiewe Gebou voltooiing bereik. Die twee geboue saam het ongeveer £28,000 gekos en is op 28 November geopen. Die oprigting van die twee geboue stel noodsaaklike geriewe vir die verplegingspersoneel, vir die Mediese Superintendent, vir die Administratiewe Klerk en vir die besoekende publiek daar en dit stel 'n ander gebou vry waarin blanke pasiënte in die toekoms opgeneem sal kan word. Die A.S.H. sal in die toekoms plek hê vir sowat 25 tot 30 blanke pasiënte.

In Kaya Mandi is 20 addisionele huise voltooi, in Idasvallei 27 en in Kromrivieraanleg 6. Al die huise word reeds bewoon. Die Raad besit 219 subekonomiese huise. Vir die oprigting van die huise is al te same £109,395 geleen. Al die huise tesame geneem verskaf huisvesting aan 1795 siele, t.w. aan 997 natuurlike, 585 kleurlinge en 213 blankes.

Kaya Mandi is by die rioelstelsel van die dorp aangesluit, en daarvoor moes 'n lening van £6,630 opgeneem word. Vir die inwoners van die lokasie beteken dit 'n groot stap vorentoe, al bring dit mee dat hulle huishuur verhoog moes word om vir die verbetering te betaal. In Idasvallei is daar diegene wat ernstig daarna uitsien dat hulle woongebied ook aangesluit sal word. Ongelukkig is die koste wat daarmee gemocid sal wees, nie gering nie.

Gedurende die loop van die jaar en veral gedurende die wintermaande het dit moeilik geword om voedsel te bekom. Die Raad het toe twee soepkombuise opgerig, een in Kaya Mandi en een op die Braak. Uit gegewens wat mnr. Blok opgestel het, blyk dit dat 18,800 pinte soep verkoop is. Op die verkoop van die soep was daar nie 'n verlies nie, en die winsie wat afgewerp is, kan gebruik word om een van die groot potte af te betaal. Aan die end van November is die verkoop van soep voorlopig gestaak.

### 3. BERAADSLAGINGS EN VERGADERINGS.

Die jaar 1946 was by uitstek 'n jaar van beraadslaging en van vergaderings. In die loop van die jaar het die Stadsraad 37 keer vergader, sedert September nie minder dan 18 keer nie. Baie van die beraadslaging het te doen gehad met ons waterprobleem waarvoor nog maar 'n gedeeltelike oplossing gevind is. Slags die voorstel van die Stadsraad vir die verbetering van die distribusiestelsel is deur die belastingbetalers aangeneem. Die wyse waarop die Stadsraad sy winterwater wou stoor is nie aanvaar nie. Die deel van die probleem wat nog nie opgelos is nie, geniet die aandag van 'n gesamentlike komitee bestaande uit die here H.P. Cruse (Voorsitter), A.H. Bosman, L. Hofmeyr, G.P. Blake, O.S.H. Reinecke, A.C. Cilliers, D.L. Scholtz en M.S. Taljaard. Die Gesamentlike Komitee het reeds twee keer vergader en twee rapporte opgestel. Die eerste rapport het die Raad reeds aangeneem en die tweede is nog onder behandeling. Die bedoeling is dat die Gesamentlike Komitee informasie moet inwin en dat die Stadsraad dan alle moontlike gegewens voor die publiek sal lê.

### 4. WAT IN 1947 AANGEPAK MOET WORD.

Uit die lang program van die Stadsingenieur noem ons hier alleen die werk aan die strate van Mostertsdrift. Vir hierdie doel is 'n lening goedgekeur, die werk wat gedoen moet word is omskrywe en 'n tender is reeds aangeneem. Die kontrakteur het dan ook onderneem om vroeg in Januarie sy taak te aanvaar.

Die vooruitsig dat Stellenbosch hom spoedig sal kan verheug in die besit van 'n ekonomiese behuisingskema, waar die huise gehuur of gekoop sal kan word, is baie belowend. Hieromtrent later meer.

#### 5. FINANSIËLE POSISIE VAN DIE RAAD.

Toe die Stadsraad sy begroting vir 1946 opgestel het, kon dit nie voorsien dat die pryse van benodighede so onrusbarend sou styg nie, ook nie dat salarisse en lone sou moet verhoog word nie. Die gevolg is 'n oortrokke bankrekening.

Die uitgawes het dus toegencem as gevolg van hoër lone, verpligte betaling van lewenskoste en stygings in die pryse van benodighede soos gebreekte klip, sement, bakstene, staal vir betonwerk en voer vir trekdiere. Vir ongeskoolde arbeid betaal die Munisipaliteit tans  $5/8\frac{1}{2}$ d per dag aan naturelle en  $7/1\frac{1}{2}$ d per dag aan kleurlingarbeiders, lewenskoste ingesluit.

Betaling van lewenskoste is verpligtend en ten opsigte van die jaar 1946 beloop hierdie addisionele uitgawe iets meer as £10,000. Van hierdie bedrag moet die Algemene-rekening van die Munisipaliteit ongeveer £5,600 betaal en dit moet dus by wyse van belasting geving word.

Perdevoer en gereedskap kos nou omtrent dubbel soveel as vroeër en die prys van staal het van £12.10.0. tot £33 per ton gestyg. Die pryse van gewone bakstene en gebreekte klip was voorheen 55/- per 1,000 en 12/6 per kubieke jaart, onderskeidelik, en is nou 75/- en 17/6.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die instandhouding van strate, waterwerke, sanitêre- en rioleringsdienste nou groter inkomste vereis.

Buitendien moet in ag geneem word dat met die uitbreiding van die drie behuisingskemas die jaarlikse tekort ook groter word. Ten opsigte van die jaar 1946 moes voorsiening gemaak word vir 'n tekort van £1,900. In werklikheid was die tekort heelwat minder. Vir 1947 is £2895 op die begroting geplaas.

As gevolg van lenings wat deur die belastingbetalers in 1945 goedgekeur is, sal rente en skulddelging in 1947 ongeveer £1,700 meer wees as in 1946 en aangesien nie al die werke waarvoor lenings aangegaan is, reproduktief is nie, byvoorbeeld straatverbeterings, moet 'n deel van die adisionele uitgawe gevind word by wyse van belasting.

## 6. BELASTINGS VIR 1947.

Aangesien goedkoper arbeid nie verkrygbaar is nie, en aangesien die prys van materiaal eerder styg as afkom, moet die Raad 'n groter oortrokke bankrekening te wagte wees tensy dit die belasting verhoog. Hoe ongenoeg dit ook daartoe was, het die Raad by meerderheid van stemme tog meer besluit om die belasting met 'n  $\frac{1}{2}$ d te verhoog.

Dit volg noodgedwonge ander liggame na. Sommige liggame het byvoorbeeld klasgeld verhoog, ander weer losiesgeld en nog ander die prys van produkte. Die belasting op eiendom kom dus tans te staan op 2d in die pond.

## 7. BEGROTING.

Die begroting in sy verkorte vorm lees as volg:-

### UITGAWES:

Publiekewerke	29,998
Verkeer	1,513
Publiekegesondheid & Slagpale	4,951
Parke en Bebossing	5,352
Administrasie, Rente & Delging	33,305
	<hr/>

TOTAAL VIR ALGEMENE-REKENING

75,119

Totaal vir Algemene-Rekening	75,119
Aankoop en Distribusie van Elektri- siteit	35,230
Hospitaal vir Aansteeklike Siektes	18,188
Subekonomiese en Nasionale Behuising:	13,137

Blankes	2282
Kleurlinge	3604
Naturelle	<u>7251</u>

£141,674

### INKOMSTES:

Belasting, Water, Sanitasie, Riolering, ens.	67,797
Verkoop van Elektrisiteit	38,900
Hospitaal vir Aansteeklike Siektes	17,443
Behuising en Registrasie:	10,243

Blankes	1704
Kleurlinge	2744
Naturelle	<u>5795</u>

£134,383

Die verwagte tekorte in verband met hospitalisasie en behuising is opgeneem in die beraamde uitgawes van Algemene-rekening onder die hoof Administrasie. Die Algemene-rekening sal dan 'n tekort van £7322 by die einde van die jaar 1947 toon en om dit aan te suiwer het die Stadsraad besluit om 'n gelyke bedrag uit die elektrisiteitsfonds oor te plaas na Algemene-rekening.

### 8. LEERLING-GESONDHEIDS INSPEKTEURS.

Vanaf die begin van hierdie jaar is daar weer openings in die Gesondheidsdepartement van die Raad vir seuns wat geïnteresseerd is in gesondheidswerk. Gelcentheid word vir

hulle deur die Raad aangebied om praktiese ondervinding op te doen en tewens om die klasse vir Sanitêre Inspekteurs by die Kaapse Tegniiese Kollege by te woon. Dit word van hulle verwag om drie namiddae in die week oor 'n tydperk van twee jaar die kursus in die Kollege te volg. Die Raad staan studieverlof aan hulle toe en betaal hulle reisonkoste na Kaapstad. Die salaris verbonde aan die pos van Leerling-Gesondheidsinspekteur is £36 per jaar met drie jaarlikse verhogings van £18 tot £72.

#### 9. HOU DIE DOOD VAN DIE PAD.

Die Stadsraad het 'n omsendbrief wat 12 Desember 1946 gedagteken is, van die Provinsiale Sekretaris ontvang. Daarin staan dat sedert die beheer oor motorvoertuie, petrol en bande opgehef is, daar 'n onrusbarende toename van verkeersongelukke plaasgevind het. Die Ministerie van Vervoer en die vier Provinsiale Administrasies het onlangs 'n Navorsings- en Reklamekomitee insake Verkeersveiligheid in die lewe geroep. Hierdie Komitee het op 18 Desember 1946 'n landswye veldtog in belang van verkeersveiligheid op tou gesit.

In die omsendbrief word allerlei aan die hand gegee wat bedoel is om alle motorbestuurders en ook die publiek in die algemeen daaraan te herinner watter groot gevaar daar bestaan as nie besef word nie hoe noodsaaklik dit is om veiligheid en beleefdheid op die pad in ag te neem.

#### 10. KONINKLIKE BESOEK.

Van die kantoor van die Eerste Minister is verneem dat die Koninklike Gesin op 20 Februarie die plaas Bien Donné om 2.15 n.m. sal verlaat en dat hulle om 3-uur by Coetzenburg sal aankom. Dis waarskynlik dat hulle die volgende roete sal volg: Helshoogtepad, Cluverweg, Merrimanlaan, Ryneveldstraat, Victoriastraat, Bosmanstraat en die Laan. By Coetzenburg sal 'n adres aangebied word.

Om 3.30 n.m. sal tee aan die Koninklike Gesin in die Stadsaal aangebied word en die roete wat gevolg sal word is nogeens die Laan en daarna van Ricbeekstraat en Pleinstraat.

Na die bediening van tee en voorstelling van gaste aan die hoë besoekers, sal die Koninklike Gesin die skoonheid van Jonkershoek gaan besigtig.

In die volgende uitgaaf van I.M.S. sal vollediger besonderhede gegee word oor beskikbare sitplekke op Coetzenburg, oor park-erplek en oor strate wat tydelik gesluit moet word.

## 11. WATER POSISIE.

Die lesers van I.M.S. sal onthou dat ons gedurende die derde week van Desember taamlik warm weer gehad het. Die verbruik was hoog en die water in die diensreservoir in die Jonkershoekvallei het vinnig gesak sodat dit op Woensdag, 18 Desember net nog 18" diep gestaan het. Gelukkig het die weer verander en op Donderdag en Vrydag, 19 en 20 Desember, het 'n koel suid-weste wind gewaai wat verligting in die posisie gebring het. Op Sondag, 22 Desember, het ons reën gehad en dit het natuurlik baie gehelp.

Die feit egter dat in 'n betreklike stil tyd meer water gebruik is as wat deur die hoofwaterpyp gedurende 24 uur na die diensreservoir gebring kon word, dwing ons om water uiters spaarsaam te gebruik en I.M.S. wil 'n baie ernstige beroep doen op die inwoners van Stellenbosch om nie water te verkwis nie. Die posisie mag baie ernstig word as die Universiteit weer open en Stellenbosch weer meer bedrywig word.

12. KENNISGEWING INSAKE INVOER VAN VLEIS IN  
MUNISIPALE GEBIEDE.

Die Stadsraad het die volgende kennisgewing ontvang, wat dit langs hierdie weg onder die aandag van die publiek bring.

Die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede skryf as volg:-

"U aandag word ook daarop gevestig dat niemand behalwe vir verbruik deur homself of lede van sy huishouding, vleis in die gebied onder u beheer mag inbring nie. Dit beteken dat 'n slagter nie vleis van buite mag inbring om dit te verkoop nie, en die eienaars van hotelle en losieshuise mag nie vleis inbring om in die behoeftes van loseerders in hulle inrigtings te voorsien nie."

Uit bostaande is dit duidelik dat die enigste vleis wat op Stellenbosch aan die publiek verkoop mag word, by die plaaslike slagpale geslag moet word.

13. HEENGAAN MNR. J.W.H. ROUX.

Met die heengaan van mnr. J.W.H. Roux aan sy woning in die Strand, het Stellenbosch een van sy groot weldoeners verloor.

Wyle mnr. Roux het tydens sy lewe groot geskenke gegee aan die Paul Roos-Gimnasium en aan Bloemhof. Die N.G. Kerk het hy nie vergeet nie en ook nie die Munisipaliteit nie. Toe die stadhuis indertyd gebou is, het hy nie minder dan £2,000 gegee vir die aankoop van 'n deel van die terrein nie.

Sy groot vrygewigheid het gepaard gegaan met ewe groot beskeidenheid. Vir 'n wye vriendekring was hy die lieue oom Willie.

Aan sy gade en familiebetrekkings betuig I.M.S. namens die publiek van Stellenbosch sy opregte deelname met hulle onherstelbare verlies. Graag bring dit ook hulde aan die skone en edele in die lewe van die oorledene.